# 2013-09-29_am2_stephan-joubert_psalms-as-metgesel._psalm_3_-_rus

**Sprekersleutel**

SJ Stephan Joubert

SJ Die verlore seun is nie aan ons onbekend nie, maar dis interessant dat as ons dink aan die term verlore seun dat ons altyd aan Lukas 15 dink, en aan Jesus se gelykenis as die eerste verwysing. Daar is 'n meer verlore seun as daardie een. Ek praat van Absalom, en ons sluit vanoggend aan by die storie van Absalom. In 2 Samuel 15-18 lees ons van die oorspronklike verlore seun. Sy optrede laat die verlore seun van Lukas 15 soos 'n sondaar vir beginners lyk. Absalom was 'n rowwe kind. Hy was buite beheer.

Hoekom staan ons by 2 Samuel 15 stil as ons besig is met die Psalms? Vir die gewone rede dat Psalm 3, ons teks, geskryf is in die tyd as Dawid hardloop, as hy vlug vir sy eie kind wat hom wil vermoor, vir sy eie kind wat sy troon gegryp het. Dis 'n verskriklike gebeurtenis, eintlik. Dit het my nogal geruk toe ek na Psalm 3 kyk, want ek het gewoond geraak aan die Psalms, in my kinderdae, as sulke tekste wat geskryf is wat my laat dink aan die koeie wat in die lug hang en so nou en dan net grond toe kom vir 'n bietjie kos, sulke ligte Psalms. Maar dis nie waar nie.

Dis 'n fout om te dink Psalms is net sulke ligte opmerkings wanneer 'n mens goed voel. Alles en behalwe. Psalm 3 is juis in die hart van die lewe geanker, wanneer 'n pa die grootste trauma, die grootste krisis ooit beleef, groter as Goliat, erger as al die Fillistyne. En dit is wanneer jou kind 'n kontrak uit het op jou om jou dood te maak, om jou te vermoor. En daarom begin ons met daardie krisis daar in 2 Samuel 15-18.

Die seun, Absalom, die seun van die groot koning Dawid, was 'n fyn strateeg. Ek lees daar in 2 Samuel 15:1-6 dat hy vir vier jaar gereeld in die stadspoorte kom sit het in Jerusalem, en almal wat op pad was om sy pa te sien as te ware van die hoofpad af laat trek het en hulle guns gewen het deur eintlik vir hulle te sê hulle moenie aan Dawid lojaal wees nie. En ek kan dink hoe Dawid se raadgewers hom gewaarsku het en gesê het, koning, jy moet kyk na daardie kind van jou.

En ek vermoed Dawid het maar gedoen wat baie ouers doen. Hy is maar net in 'n fase in sy lewe. Een van die dae is hy deur daardie fase. Dan sê hulle, ja, en dan kom daar 'n volgende fase wat hy nog erger is. Maar Dawid het hom g'n niks daaraan gesteur nie. En toe Absalom na vier jaar by hom kom en sê hy wil 'n gelofte in Hebron gaan aflê het Dawid hom laat gaan. En toe Absalom, lees ek daar in vers sewe verder, toe hy in Hebron kom het 'n reuse sameswering plaasgevind. En Dawid was lekker aan die slaap want hy het sy kind blindelings vertrou, wat 'n goeie ouer behoort te doen.

Maar dit beteken nie mens moet blind wees vir jou kinders se foute nie, en dit was Dawid. En toe besluit Absalom dis nou tyd dat hy die koning word, en toe het die opstand teen Dawid sulke afmetings aangeneem dat ek in vers 13 lees dat Dawid moes vlug uit Jerusalem. Bid jou dit aan. Die magtige koning van Israel wat reuse met klippe laat val en Fillistyne laat bewe en Saul die harnas ingejaag het vroeër jare, dat hierdie pa vir sy eie kind moet vlug, kaalvoet uit Jerusalem daar teen die Olyfberg op.

Trouens, dis 'n bietjie 'n verleentheid, nê, dat Dawid vlug, veral as ek hoor, in vers 16 van 2 Samuel 15, dat hy tien byvrouens agtergelaat het om sy paleis op te pas. Dit gaan sleg met 'n koning as hy tien vrouens aanstel om sy paleis op te pas, dink ek nou maar. Tensy dit nou tien Amazone tannies was. Hoe sal ons ook nou weet? Want ek bedoel, dit moet swaargewig tannies wees wat die paleis oppas.

Maar Dawid is vlug-vlug die stad uit woestyn toe, en 'n paar van sy dapper soldate by hom, 'n hele klomp altans. Maar ons lees in 2 Samuel 15, 16, 17, die tragedie. Dit is intrige op intrige. Dis eintlik 'n verskriklike ding wat gebeur, en uiteindelik loop dit uit op oorlog waar meer as 20,000 mense sterf, en Dawid, wat sy soldate opdrag gee om tog mooi met Absalom te werk, en sy leërowerste, so lees ek daar in 2 Samuel 18, dat hy hom nou g'n niks daaraan steur nie, dat hy hom eenvoudig doodmaak.

Toe Absalom onder 'n boom deurry, onthou julle, en vashaak aan die takke, word Absalom deur Dawid se leërowerste doodgemaak. En as hierdie nuus Dawid tref, dan die diep ontnugtering en die diep rou by Dawid, dat hy loop en huil, soveel so dat sy raadgewers vir hom sê hy moet ophou treur want dit skep 'n baie slegte indruk, dat hy nie kan ophou huil oor sy kind nie, en sê hy sou eintlik in sy kind se plek wou sterf. Dis in hierdie tyd dat Psalm 3 geskryf word. Kom ons luister, Psalm 3, 'n Psalm van Dawid toe hy vir sy seun, Absalom, gevlug het.

Ek het so baie vyande, Here. Baie kom in opstand teen my. Daar is talle wat van my sê van God kom daar vir hom geen hulp nie. Maar U, Here, beskerm my aan alle kante. U herstel my aansien. As ek na die Here roep antwoord Hy my van Sy heilige berg af. As ek gaan lê slaap ek goed. Ek word ook weer wakker want die Here sorg vir my. Ek is nie bang vir tienduisende mense wat van alle kante af op my toesak nie. Kom tog, Here, help my, my God. U het nog altyd my vyande se mag verbreek. U het die aanval van die goddeloses afgeslaan. Hulp kom net van die Here af. U laat dit goed gaan met U volk.

Ek leer 'n klompie dinge uit hierdie Psalm. Die eerste ding wat ek leer is daardie realistiese geloof, daardie realistiese geloof. Wat beteken dit? Wel, dit beteken 'n paar dinge. 'n Realistiese geloof beteken in die eerste plek, geliefdes, dat ek is my eie gebede se eerste linie. Kom ek sê dit reg. Gebed word in die eerste plek gebid wanneer dit swaar gaan.

Nou die dag lees ek in 'n koerant waar een of ander bekende persoon skrywe oor Suid-Afrika. Al wat nog vir Suid-Afrika oorbly is gebed. Dis onrealistiese geloof. Wanneer gebed die laaste uitweg, die noodwiel, die medevlieënier is wat nou moet inskop nadat die outomatiese vliegtuig nou nie meer vlieg nie, wanneer gebed die laaste opsie word is dit onrealisties. Wanneer jy nou aan die einde van al jou kragte is

en alles probeer het en nou moet God nou maar help omdat niks anders meer of niemand anders meer kan help nie verstaan jy niks van gebed nie.

Dawid weet 'n realistiese geloof maak dat jy eerste bid, dat jy altyd bid, dat jy orals bid, dat jy bid as die son skyn en as die reën val, dat jy bid as die son op sy helderste is, en as die donker wolke saampak, dat jy bid as jou tafel vol kos is en as die laaste brood by die agterdeur uit is. Realistiese gebed maak dat jy altyd bid. Dit is hoe 'n gelowige lewe. Dit is jou default modus om te bid, en dis wat Dawid doen, selfs al is hy in die vlug posisie. Al sien Jerusalem sy rug en die woestyn sy gesig, dan bid hy.

Vir dieselfde rede dat hy gebid het toe hy op sy troon gesit het bid hy as hy afgeval het van sy troon en sy kroon nie meer op sy kop was nie, maar hy met kaal voete en 'n toegemaakte kop in die woestyn in moet hardloop en weer in spelonke moet gaan slaap soos vroeër jare toe hy vir Saul gevlug het, en weer sy swaarde moet skerpmaak wat hy weggepak het, hierdie keer met sy eie kind, dan is sy eerste opsie nie sy wapens nie, maar gebed, gebed.

Realistiese geloof, laat jou altyd bid, laat jou altyd bid. Te veel mense raak biddeloos as moeilikheid kom. Te veel mense hou op bid as krisisse verskyn. Hoekom weet ek nie, want die Here se roete vir gelowige mense is dat hulle altyd bid. Bid sonder ophou, soos Paulus sê vir die Tessalonisense. Ek leer realistiese geloof, wat Dawid het. Ek leer ook dat ekself die eerste linie van gebed is.

Nou die dag vertel iemand vir my by 'n groot Pretoriase kerk dat hulle in 'n krisis was, maar hulle is so bevoorreg, want oor die 500 mense het vir hulle gebid. Ek sê vir haar, mevrou, jy moet baie bly wees. Julle kon in daardie klein gemeentetjie in Namibië gewees het. Sy sê, watter gemeente? Ek sê, jong, 'n ou vertel my nou die dag, hulle bly daar bo in die noorde van Namibië, en hulle is so 25 mense op 'n Sondag wat saamkom. En hy sê vir my, jy weet, as daar iets groots gebeur, as ons daardie kerk hoek en wal volmaak, dan sit daar 32, dan bars ons uit ons nate. Ek sê, jy kon in daardie gemeente gewees het. Wat dan?

Die fout is, wat baie mense maak, hulle dink mens tel hoeveel mense vir jou bid. Nooit sê die Bybel dit nie. Ek weet nie waar het daardie ding posgevat nie. Moenie my verkeerd verstaan nie; dis wonderlik as 500 mense vir jou bid. Moet my nie verkeerd verstaan nie; dis fantasties, maar die punt van die Bybel is wanneer jy in die krisis is is jyself die eerste linie van gebed. Dawid bid in Dawid se krisis. Dawid skryf in elke Psalm amper die woorde, by wyse van spreke, roep My aan as jy in die benoudheid is en Ek sal jou uithelp, en jy moet My eer.

Die Here gaan nie vir jou vra hoeveel selgroepe, hoeveel gemeentes, hoeveel familielede en hoeveel vriende het eendag vir jou gebid nie. Hy gaan vir jou sê, hoekom het jy nie 'n realistiese geloof gehad nie. Jy moes altyd gebid het, nie net as jy kos op jou tafel het nie, maar as die kos min is, nie net as dit goed gaan nie, maar ook as dit sleg gaan. En jy moet My aanroep.

As die krisis kom bid Dawid, deel hy sy krisis. Ek het so baie vyande, Here. Daar is talle mense wat sê U help my nie. Dawid maak die geleentheid reg om te bid. Weer 'n keer, jy het nie 'n lisensie om stilstuipe te kry as krisise in jou lewe opdaag nie.

Dan juis, dan juis klop jy aan die deur van die hemel. Jesus leer ons in die bergrede dat jy moet klop en bid en soek onder alle omstandighede. Dis ‘n realistiese geloof.

Ek leer nog iets van ‘n realistiese geloof, en dit is dat die Here jou bewaar <u>in</u> gevaar, en nie <u>van</u> gevaar nie. Ek wens ek kon vandag 'n goedkoop geloof aan jou bemark. Ek wens ek kon doen wat baie van... TV helde en predikers en goedkoop boeke wat drie eenvoudige stappe tot ‘n kits geloof het met jou doen, en deur vir jou te sê as jy net glo sal jou probleme verdwyn. Jy moet net harder glo en dit sal werk. Bid net en die kanker is weg, die misdaad is weg, geld gaan op jou neerdaal en wat, wat.

Die volle waarheid, die Here se waarheid, geliefdes, is dat daar meer tekste in die Bybel is, en ek hoop jy hoor net dit in hierdie preek vanoggend, dat daar meer tekste in die Bybel is wat sê God bewaar jou <u>in</u> gevaar as <u>van</u> gevaar. Dawid vertel van die Here op ‘n realistiese manier van sy probleme, van sy vyande. Maar hy weet een ding, dat die Here <u>in</u> gevaar is, dat die Here uitblink wanneer die storms kom. Vra vir Jesus in Matteus 14, wanneer Sy dissipels roei loop Jesus op water. Wanneer dit donker is, nadat Hy dood is, verskyn Hy as die lig, nadat Hy opgestaan het.

God is op Sy beste wanneer die probleme op hulle grootste is, altyd. Jesaja weet wanneer jy deur ‘n diep dal moet swem en deur die rivier moet gaan, dan is God daar. As jou enigste gebed is bewaar my van gevare dan verstaan jy nie die God van die Bybel nie. Goddank, Hy doen dit ook. Goddank, Hy doen dit ook. Jy hoef nie moeilikheid te soek voor jy God sien nie, maar jy gaan God waaragtig in jou moeilikheid sien as jy ‘n gelowige is en ‘n realistiese geloof het, soos Psalm 3.

Daarom is Dawid se hoop nie in die eerste plek op Joab en sy magtige vegters nie. Gaan lees bietjie, terloops, 2 Samuel 15-18. Dawid het nie een oomblik getwyfel dat hy en sy soldate Absalom kan uithaal nie, maar sy eerste linie van geloof, sy realistiese geloof, maak dat hy God aanroep, dat hy self God aanroep, en dat hy weet God kan hom in gevaar bewaar solank God dit behaag. ‘n Realistiese geloof.

Ek leer nog iets uit Psalm 3. Ek leer ‘n diep weet, en ek leer dit in vers vyf. Ek leer daardie diep wete. As ek leer van ‘n realistiese geloof leer ek ook van hierdie diep wete. Kan ek dit lees, vers vyf? As ek na die Here roep antwoord Hy my van Sy heilige berg af. God skuif nie as ek skuif nie. God trek nie as ek trek nie. God is nie afgedank as ek afgedank is nie. God is nie buite beheer as my lewe buite beheer is nie. God is nie weg as dit vir my voel ek het nie meer die koördinate van my lewe nie.

Die standaard ding wat ek by so baie ouens hoor: waar is die Here? Ek het Hom gedien, nou het Hy my gelos. Waar is die Here? Dawid weet die antwoord. As ek na die Here roep antwoord Hy my van Sy heilige berg af. Dawid weet waar is God. God skuif nie omdat Dawid uit Jerusalem skuif nie. En jy moet onthou, vir Dawid was die Sionsberg die teenwoordigheid van die Here. Hy sê, Here, U moet onthou, Dawid vlug nou, maar Goddank, U vlug nie saam nie. Ja, U is ook by My, maar U is nie weg uit Jerusalem uit nie. U is nie weg van U heilige berg af nie. U het nie getrek nie.

Die grootste enkele fout wat baie gelowiges maak is dat hulle hulle eie lewe gebruik en hulle eie omstandighede gebruik as ‘n liniaal om God se afstand mee te meet. As

dit met my goed gaan is God naby. As dit met my sleg gaan is God vêr. Fout! Nooit, maar nooit, maar nooit word my omstandighede 'n liniaal nie. God is goed, punt. God is genadig, punt. God is liefde, punt. Sy omstandighede, my omstandighede, iemand anders se omstandighede bepaal nie God se afstand nie.

Miskien is dit die groot les wat Dawid in vers vyf met ons deel, dat God is nog steeds op Sy heilige berg. Al trek jy die wêreld vol, al vlug jy soms saam met Dawid woestyn toe, al voel jy soms verlate en dat niemand meer vir jou omgee nie, al voel dit jy skree teen jou huis se dak vas, God trek nie. Hy skuif nie. Hy is nie verleë nie. Die groot God van die hemel en die aarde is groter as sy kinders se omstandighede. Al sien jy die wolke en die stormwinde, Jesus is bo op die storm. Al sien jy die ellende en die moeite aankom, God troon bo dit uit.

Job moes dit leer toe hy God in sy klein, benouende boksie wou indruk om te dink omdat dit met hom sleg gaan is God sleg. Totdat God hom op Sy skeppingstoer vat en Sy hart vir Job wys, die God wat die wolke en die reën en die maan en die sterre en die diere en alles in sy handpalm vashou. God is soveel groter.

Toe Martin Luther, die bekende kerkhervorming, by geleentheid so mismoedig was oor die eie donkertes wat hy ook beleef het, dat hy uiteindelik van God praat as Deus absconditus in Latyn, die afwesige God, vertel hy dat sy eie vrou op 'n dag uit die kamer uitkom met begrafnisklere aan. En toe hy vir haar vra wie is dood toe sê sy, dit lyk asof Martin Luther se God dood is, nou rou ek maar saam met Martin Luther. Toe skud sy eie vrou hom uit sy eie twyfelwolk uit. God is nie afwesig omdat die wêreld hierdie kaart, hierdie blufkaart trek en jou omstandighede hierdie kaart trek op jou nie. Vanaf Sy heilige berg sal Hy antwoord.

Maar ek leer ‘n derde ding. Ek leer oor rus, oor daardie diep rus in die Here. Ek leer oor ‘n realistiese geloof wat maak dat gebed altyd my eerste linie is, dat ek altyd self bid, dat ek weet God bewaar my ook in gevaar. Ek leer uit hierdie Psalm, hierdie diep wete, God skuif nie as ek skuif nie. Maar ek leer van geloof en rus, veral in vers ses. As ek gaan lê slaap ek goed. Die Hebreus sou mens ook in die verlede tyd kon vertaal. Ek het gaan lê en aan die slaap geraak.

Slaap is ‘n wonderlike ding. Ek word nooit moeg daarvan nie. Ek kan dit elke dag doen. En ek het agtergekom, as dit bietjie met my swaar gaan en as my stresvlakke opneem dan neem my slaapvlakke af. Slaap en stres is nie vriende nie. En het agtergekom as ek so na mense luister dat baie mense nie meer natuurlik kan slaap nie. Hulle het slaapversterkers nodig, allerlei goedjies wat hulle moet drink om hulle te laat slaap. En ek weet die goeters is gewoontevormend en dis sleg. En ek kom agter baie mense het van slaap... het eintlik ‘n vreemdeling geword.

En nou hoor ek hierdie koning, terwyl hy aan die hardloop is, terwyl sy kind op sy hakke is en planne gemaak word sê Dawid, ek slaap goed, Here, baie dankie, ek slaap goed. My realistiese geloof maak dat ek my lewe by U kan neersit. My realistiese geloof maak dat U in gevaar is. My realistiese geloof maak dat ek weet, as ek slaap slaap U nie. Onthou julle, Psalm 121? Die Here sluimer en slaap nie. Hy word nie moeg nie. Hy is nie soos ons nie. Jare, dekades, millennia, doen niks aan God nie.

Hy is wakker as ek vodde is. Hy is wakker as moegheid my oorval. En daarom sê Dawid, gee ek maar myself liewers aan hom oor in die slaap en dan slaap ek goed.

Hy skryf later, Psalm 4, net die volgende Psalm, skryf hy daar in vers nege, aan die einde van die volgende Psalm, nou sal ek onbesorg gaan lê en dadelik aan die slaap raak, want U, Here, alleen laat my veilig woon. God en slaap loop ook saam, God het ons gebou om te rus. Hy het ons gebou om Hom te vertrou terwyl ons oë toe is. Psalm 127 se woorde, wat die Here vir Sy geliefdes gee wat hulle nodig het as hulle slaap, bly altyd in my agterkop, want êrens sê ons almal dit en almal stuur sulke versies vir mekaar aan, maar ons werk asof alles van ons afhang. Ons druk slaap in die verste hoek asof dit 'n skande is.

Lyk vir my besige mense spog ook oor hoe min hulle slaap. God sê Hy gee vir Sy geliefdes wat hulle nodig het as hulle slaap. Daarom moet jy vanmiddag as jy klaar geëet het gaan slaap, want die Here het iets om vir jou te gee. En daarom moet jy vanaand vroeg in die bed kom, want die Here het iets om vir jou te gee. En daarom, terwyl almal hard werk en hulle doodwerk moet jy sê, ek vertrou die Here met my lewe. Ek vertrou Hom so dat ek in die bed gaan klim en slaap.

Wat maak jy as jou kind jou wil vermoor? Kan daar 'n groter krisis wees in jou lewe as die krisis wat Psalm 3 veronderstel, 'n kind op jou hakke met bloed wat hy pleit van jou, wat hy wil hê, 'n kind wat jou wil vermoor, en 'n pa wat daar in die woestyn gaan sit met sit magtige krygers wat hulle swaarde skerpmaak? En die eerste ding wat Dawid doen is sê, kom ek skryf 'n Psalm. En ek is seker Joab en al die ander leërowerstes het gesê dis nie nou tyd vir Psalmpies nie, koning. Dis nou tyd vir oorlog. En Dawid het gesê, kom ons begin by die Here.

Liewe soldate, liewe gemeente, kom ons begin by die Here. Ons bid altyd, en kom ek bid self. Kom ek vra nou nie al my troepe om vir my te bid nie. Kom ek bid self, Here, God, oor my hart. En, Here, hier is moeilikheid in die land, Here, maar ek vertrou dat U my ook in hierdie groot gevaar kan deurhelp. Niemand dink dit kan nie, maar U kan. En, Here, ek kan hierdie diep wete hê, as ek skuif en in die woestyn rondswerf, U het nie getrek nie. Ek weet waar is U adres. U is op die troon in die hemel, en ek soek U daar. En, Here, ek kan 'n bietjie rus.

Almal rondom my is so rusteloos, is so gespanne, is so gejaagd, is so met angs besaal, is so gestres dat hulle moet kunsmatige maniere kry om te probeer leef en slaap, maar, Here God, toe ek gaan lê het het ek veilig geslaap. En Here, vanaand, vers nege, gaan ek weer onbesorg lê en dadelik aan die slaap raak, want U gee vir U geliefdes wat hulle nodig het terwyl hulle slaap. Net dit, amen.

Here, baie dankie vir U woord van vanoggend. Dankie vir U woord wat helder en duidelik is. Here, dankie vir 'n realistiese geloof by Dawid vir 'n vaste weet dat U op U troon is, al is Dawid van sy troon af. En dankie, Here, vir 'n rustige geloof wat weet dat ek U kan vertou met die lewe en kan rus. Leer my, Here, om, in die woestyn saam met Dawid te reis. Leer my om die regte lewe saam met Dawid in Psalm 3 te leef. Hier is ek, Here. Wys my U pad. Stuur vir my U troos en U rus. Hoor my vanaf U heilige berg, in Jesus naam, amen. Ontvang die Here se seën, en gaan in Sy vrede, amen.